

Donderdag 20 November

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-20

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:18, 19

Duurgekoop tot 'n dure roeping

Waar lê jou burgerskap? Jou burgerskap word deur die plek van jou geboorte bepaal. Petrus is pynlik bewus van die feit dat ons vreemdelinge op hierdie aarde is. Selfs al het ons 'n paspoort van 'n spesifieke land. Ons is ontworteld. Iemand wat weergebore deur God se Woord en Gees is, is noodwendig 'n vreemdeling op aarde.

Ons is losgekoop (vrygekoop) nie met tydelike en materiële skatte soos goud en silwer nie. Al weeg kosbare edelmetale swaar op aardse materiële markte, is dit verganklik. Ons is vrygekoop deur die onverganklike kosbare bloed van Jesus Christus.

Die gelowiges is burgers van 'n ander land, 'n ander Koninkryk! Ons het nie deur geboorte nie, maar deur die wedergeboorte deur die Heilige Gees en die Woord deel van God se Koninkryk. Deur die werking van God se Woord en Gees is ons van bo-af gebore en verander Hy ons van Bo-af.

Daarom sê die apostel Petrus julle is nie weergebore deur verganklike dinge soos silwer en goud nie, maar deur die onverganklike saad van die Woord en die Gees. Dit maak dat ons eintlik so vreemd in hierdie wêreld voel. Mense praat anders op die aarde as in God se Koninkryk. Hulle leefwyse is soveel anders as in God se Koninkryk. Waar God regeer, is menslike eie begeertes en wense nie meer ter sprake nie.

Daarom: Hoe leef ons vandag hier op die aarde? Leef ons soos burgers van God se Koninkryk, as mense wat heeltemal anders dink en leef as wat die normale aardse burger dink en leef? Sien ander dit in jou raak? Kan ander mense sien jy is losgekoop van hierdie aardse koninkryke en het as wedergeborene 'n ander fokuspunt as ander?

Leef dan daaruit en almal sal sien hoe jy ander beweeg om agter Jesus Christus aan te beweeg!

Sing: Psalm 73-1:7

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)